Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

4 November 2012

OGGENDDIENS: ds Piet

Die doop word vanoggend bedien aan Handri, baba van Banie en Ananda van der Walt. Baie welkom aan al die familie en vriende en ons is saam met julle dankbaar vir die besondere ontmoeting tussen God en sy verbondskind.

Skriflesing: Sagaria 6: 9 – 15 (1933 vert.)
Teks: Sag. 6: 12 - 13
Preektema: Christus gebruik jou as priester-profeet-koning-gelowige om ander te laat deel in sy ryk.

Jy is ‘n belangrike mens in God se koninkryk! Jy beklee ‘n drie-in-een posisie naamlik: priester-profeet-koning! Hierdie ampsbekleding gebeur alreeds by ou doop as God jou die teken van Christus se genade bedien.

Dit beteken dat jy groot dinge kan doen en dat jy hier in die gemeente ruimte maak vir mense wat nog moet deel word van God se ryk. Besef jy hoe belangrike werk jy het om te doen...?

Vooraf sang
Lied 287: 1 (almal), 2 (brs), 3 (srs), 4 (almal).

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb 12 – 3: 1; Votum; Seëngroet; Lofsang Ps. 48 – 1: 1,4,5; Geloofsbelydenis uit Sondag 1 (gemeente antw hardop op vrae); Sing nuwe Sb: Die Heilige Gees werk (Mel lied 188).

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eksodus 20 (illustrasies vir kinders); Sing nuwe Sb: Jesus, Ons Verlosser; Gebed. Doopformulier, Sing na die Doop Ps. 89 – 1: 2.

Woorddiens
Skriflesing; Sing nuwe Ps. 110: 1,2 (mel Ps. 128); Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed; Liefdegawes; Sing Sb 5 – 3: 1,2 ; Wegstuurseën; Sing Amen Sb 13 – 2.

AANDDIENS: ds Willem Steyn

Gesamentlike aanddiens en jeugafsluiting by **Die Bult** se kerkgebou om 18:00

MEELEWING

- Christine Lourens was in ‘n motorongeluk en ons dank die Here dat sy nie ernstig beseer nie. Sy sterk tuis aan. (wyk 2)
- Alicke van Jaarsveld van Vickus en Alet-Elize is ontslaan uit Mooimed en sterk nou tuis aan. (wyk 6)
- Alicia Bruwer ondergaan Donderdag ‘n heupoperasie in Johannesburg. (wyk 18)

- Josephine de Lange het ‘n klein operasie ondergaan en sterk tuis aan. (wyk 15)

Ons bid al hierdie lidmate sterkte en spoedige beterskap toe.

ONS VERWELKOM

Ons verwelkom graag vir DJ Moss wat met attestaat oorkom vanaf Geref. Kerk, Reddersburg. DJ woon op Mooivallei Plot 4, wyk 5.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel vir:

Joey Lubbe	083 232 9376 / 018 290 1322
Hantie Grobler	082 675 3893 / 018 290 6013
Marian de Kock	082 950 4358
Adele Burger	082 561 7685
Marique Reichel	082 657 4508
Annatjie Grobler	073 258 7833 / 018 290 9974

of e-pos siekes@oosdoppers.co.za

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag
09:30 Gebedsgroep in Elim
10:00 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie afsluiting
Tee en koffie in die Skuur
15:45 vir 16:00 Kooroefening
17:30 Gesamentlike Jeugaand: By Die Bult
18:00 Gesamentlike aanddiens: By Die Bult

Maandag
Geen Katkisasie
18:00 Kersmarkkomitee

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep

Woensdag
Geen Katkisasie
19:00 Beginpunt

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat dié week verjaar!

Sondag, 4 November

Br Krause vd Walt	082 788 5910
Sr Sielie Laubscher	018 293 1230

Maandag, 5 November

Sr Rolene vd Walt	082 859 6209
Br Pieter Minnaar	074 571 6950

Dinsdag, 6 November

Sr Christa Kruger	083 628 3884

Woensdag, 7 November

Jsr Mia v Emmenis	018 290 9547
Jbr Christiaan Burger	082 824 4882

Donderdag, 8 November

Sr Renette de Klerk	073 800 0426
Sr Hettie Viljoen **(76)**	
Sr Sonja Booyens	083 442 9844
Jsr Carla Peiters	072 061 9027

Saterdag, 10 November

Sr Janet vd Walt	082 493 1827

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.
- Gawe by die deure vanoggend vir die Emeritusfonds.
- Gawe volgende Sondag vir die Voorsieningsfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies by deure gesit word.
- Diensbeurte: Wyk 15 en 16.

ONTVANGS: DS KAREL EN SUSAN STEYN

Ds. Karel-hulle het ingetrek in Rocherstr. 79 en is besig om hulle tuis te maak. Baie dankie aan almal wat hulle bederfmandjie help volmaak het.

Ons ontvangsreëlings is verder as volg:

- Informele kuieraand – 16 Nov om 18:15
  Op Vrydagaand, 16 Nov, om 18:15 gaan ons lekker bring-en-braai saam met Karel en Susan en spesiale moeite doen om hulle aan die gemeente bekend te stel. ‘n Gasheer en vrou gaan hulle so bietjie vanaf 18:15 aan ons bekend stel en die vure sal 19:00 gereed wees vir ons braai en kuier. U bring u eie eetgerei, vleis en drinkgoed. Ons sal sorg vir pap, sous, brood en konfyt.

- Formele ontvangsmiddagete
  Op Sondag, 18 Nov, word ds Karel deur dr Klasie Heystek bevestig en lewer hy ook sy intreepreek. Daar sal enkele formele dinge na die erediens in die kerk gebeur. Daarna bied ons vir ds Karel en sy gaste, afgevaardigdes van ander gemeentes en vir gemeentelede ‘n ontvangsete in die Skuur aan.

BAIE BELANGRIK: U moet asseblief voor **12 Nov** by die kerkkantoor **aandui watter geleentheid u gaan bywoon en die getal van die gesin.** Ons moet veral vir die Sondag se ete die presiese getal hê ter wille van die feit dat ons ook gaste ontvang.

KENNISGEWINGBORD

- Sam Bezuidenhout Tuindienste
- Montego Hondekos
- Konferensie: Christelike onderwys
- ES le Grange vra Linne!!!
- Gee-jaar

GESAMENTLIKE JEUGAFSLUITING VANAAND BY DIE BULT

Ons laerskooljeug, die hoërskooljeug en mentorgroepe moet asb. vanaand om 17:30 reeds by Die Bult se kerkgebou saamkom. Ouers en kinders sluit vanaand saam die jaar se jeugbediening af met ‘n spesiale erediens om 18:00.

WYKSBYEENKOMS: WYK 29

Wyk 29 kuier vandag om 16:00 saam by Douw en Hantie Grobler, Albertusstraat 22, Bailliepark. Koffie, tee en sap sal voorsien word. Elke gesin bring asb ‘n bordjie eetgoed.

NEEM KENNIS: VERANDERING VAN NAGMAALDATUM EN OUDERLINGE VERGADERINGS

In die lig daarvan dat ds. Karel Steyn op 18 Nov bevestig word, skuif die Nagmaal na 25 November.
Die ouderlinge se blokvergaderings verskuif van 6 Nov na Donderdag, 15 Nov en die ouderlingvergadering verskuif van 11 Nov na Sondagaand, 18 Nov.

TOKTOKKIE

Baie dankie aan almal wat reeds ‘n bydrae gemaak het. Wyksusters moet koeverte asb dringend inhandig by Marianne Fourie of die kerkkantoor.

PLAASLIKE BYBELVERSPREIDING

As lidmate Bybels besit wat nie meer gebruik word nie en dalk ook in 'n gehawende toestand (selfs met ontbrekende bladsye) is, dit word herstel en versprei onder behoeftige persone in Promosa en onder gevangenes. Selfs Engelse Bybels is welkom. Dra dit asseblief by die kantoor af.

Hulplyste
Ons het weer baie hulp nodig om die jaar se Kersmark ‘n sukses te maak. Daar is reeds lyste in die Skuur waar u solank kan aandui watter tye u as **toesighouer** kan help, ook die **kassiere** se dienslyste is in die Skuur indien u ons daar kan behulpsaam wees. Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Items benodig om te leen
Ons wil graag platskerms leen vir die betaalpunte tydens die Kersmark. Kontak asb vir Rieëtte Venter indien u ekstra skerms het wat u vir die week aan ons kan afstaan.

NUUS VAN DIE AMANDELBLOEISELS
Die Amandelbloeisels se byeenkoms het weer gesellig verloop. Ons moes iets uit die verlede saambring en het die gedagtes ver paaie geloop. Yda Vosser het ‘n piepklein erdebekertjie gebring waaruit sy as kleuter gedrink het. Salome het ‘n outydse strykyster gebring wat nog op die stoof warm gemaak is om mee te stryk. Griet het ‘n outydse hout bottervorm en spaantjie gebring waarmee ponde botter gevorm is. Tina ‘n outydse haarknipper, Lallie ‘n Dalton porselein bekertjie waaruit sy as kind gedrink het. Koos Schieke het ‘n outydse briefoopmaker gebring wat op ‘n leerhouertjie gemonteer was.

Prof Floor het ‘n dik outydse geskrif gebring waarin een of ander geleerde gedurende die 17de eeu kategismus preke in geskryf het, en wat hy nooit kon lees nie, as gevolg van die klein sierskrif en taal. Ina het ‘n humoristiese brief van Harriet voorgelees waarin sy vertel hoe sy haar per ongeluk geskiet het met ‘n vuurwapen wat sy op haar skoot gehou het. As bewys het sy die koëltjie en ‘n stukkie van John se hemp vol bloed in ‘n raam gemonteer.

Ons is altyd op die geestelike ook ingestel en het Ds Piet vir ons geopen deur ‘n paar verse te lees uit Joh. 1 met die klem op vers 5 “Die Lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie!” Wat ookal in ‘n mens se lewe gebeur, Jesus is die lewe, en diè lewe was die lig vir die mense, wat geen duisternis kon uitdoof nie.

Na ‘n lekker koppie tee of koffie en verversings is elkeen weer terug huistoe.
Griet du Preez

BEROEPE ONTVANG

BEROEPE ONTVANG
- Ds JG Noëth van Kimberley na Vryburg.

BEROEPE AANVAAR
- Ds OJ Struwig van Delmas na Frankfort.

BEROEPE BEDANK
- Ds PJ Grové van Wapadrant na Sanveld.

SUSTERS

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag in die Skuur bedien deur wyke 9, 12 en 31. Daar is vandag poeding beskikbaar teen ‘n donasie. Baie dankie vir die 3 wyke se susters wat help!

BELANGRIKE DATUMS VIR OKTOBER

11 Nov	**Sondag**	**10:00**	**Almal**	**Belydenisaflegging**
14 Nov	**Woensdag**	**18:00**	**Blok B**	**Teologiese skool – Promosieplegtigheid**
18 Nov	Sondag	19:00	Blok C	Ouderlingevergadering – verversings
16-18 Nov	Naweek		Almal	Ontvangs van ds Karel en Susan Steyn
24 Nov	Saterdag	09:00	Almal	Kersmark
25 Nov	Sondag	12:00	-	Nagmaalete – geen ete
2 Des	Sondag	18:00	Almal	Kerssangdiens

DONASIES VIR SUSTERSPROJEKTE

Die Susters het hulleself getaak om aan die einde van die jaar met ons jaarlikse gebruik voort te gaan, om geskenkpakkies met gebruiksware en voedsel op te maak en uit te deel aan lidmate in ons gemeente, Koningskinders en Huis Hebron. Die behoefte het taamlik vergroot hierdie jaar en daarom neem ons die vrymoedigheid om vir die gemeente te vra vir enige vrywillige bydrae om ons hande te sterk in hierdie grootse poging. Ons het marknavoring gedoen en gevind dat die verpakte emmers by die kettingwinkelgroepe voldoen aan ons behoefte en die koste van so 'n emmer is R150-200.

LYSTE

Behalwe die Kersmark se hulplyste, is daar ook Hulplyste vir die ontvangs van Ds Karel en Susan Steyn in die Skuur. Ons vra die susters wat bereid is om te help om asb so gou moontlik hul name op te sit.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

NUTS ABOUT BILTONG

West Acres Sentrum (Pick ‘n Pay)

Kom loer gerus in vir vars peuselhappies -

Droëvrugte, neute, biltong, droëwors, chilli sticks en vele meer.

Ons maak ook geskenkruikers.

Kontak ons gerus by 018 293 3476

of

Elizna 071 361 9703

Beginpunt

Gesamentlike jeug afsluiting Vanaand

Wat gebeur?

- **Beginpunt @ Woensdae 7uur in die Skuur**
- **gesamentlike jeug afsluiting - vanaand**
- Riviertoer 5-9 Des

Leer, eet, slaap, leer, eet,... Vir baie van ons is dit hoe ons volgende paar dae lyk. Ons sê sterkte vir elkeen van julle se eksamen. Mag daar net goeie uitslae voorlê. Ons kom ook naby die einde van die jaar en ons kan net God dank vir hierdie jaar wat Hy vir ons gegee het. Onthou die afsluiting vanaand.

@Woensdae Gebed, is iets wat ons elke dag raak. Het jy al hieroor gedink? Kan jy nou die foon optel en vir Justin Beaber, Zuma of vir Kurt Darren bel en met hom praat? Wat jy wel kan doen is direk met God praat. Ons het 'n direkte lyn na Hom. Die Koning van die Heelal.... Ons praat nog verder oor gebed volgende woensdag aand by Beginpunt. 7uur in die skuur.

www.oosdoppers.co.za
Vir enige navrae of hulp
Kontak Stefan Grobler by 083 389 32 90

TOPIA – Oktober 2012

Stap saam met TOPIA op ’n reis van verandering. Sien die impak van ’n bybelse lewens- en wêreldbeskouing in mense, gemeenskappe en nasies. Luister hoe die stories ontvou in en deur God se kerk.

Ek skryf uit Mosambiek en dink met groot dankbaarheid terug aan die afgelope paar weke. Ek was vir drie weke in Suid-Afrika nadat ek uit Zambië teruggekeer het. - In Suid-Afrika was ek betrokke by opleiding in Hammanskraal, Kakemas, Pofadder en Kanoneiland. Lizanne en die kinders was saam Noord-Kaap toe. Dit was heerlik om weer bietjie tyd saam met hulle te kon deurbring. Daarna het ek in Chiconono in die Niassa-provinsie in die noorde van Mosambiek en by Mitete in die Zambezia-provinsie opleiding gegee. Lees gerus meer daaroor by die Voetspore van Hoop-blog.

Wat vir my in Mosambiek baie opgewonde gemaak het, was die vordering van ’n volgende geslag fasiliteerders. Ds. Estaforte en Ganyali het al verskeie opleidingsessies saam met Hein van Wyk, Danie Murray en myself deurloop. By Mitete het hulle kerngedeeltes van die opleiding gefasiliteer. Wat die inhoud, die praktiese voorbeelde van leuens in hulle kultuur en die toepassings van die waarheid betref, kan ons nou by hulle leer. Hulle is ook in staat om goeie deelname van die deelnemers, te bewerk. Hulle moet net nog oefen om die hele proses mooi te bestuur soos wanneer om gesprek toe te laat en hoe om die deelnemers te stuur om by die doelwitte van die opleiding uit te kom.

Ons het ook ’n baie goeie vergadering met die dagbestuur van die Tumbine sinode van die *IRM* gehad. Hulle is baie tevrede met die opleiding en die saadjies van hoop en verandering wat reeds in gemeentes en gemeenskappe begin ontkiem. Daar is ook op formele vlak ooreengekom dat TOPIA vir drie jaar met die leiers in *IRM*-kerke en gemeenskappe sal werk. In Suid-Afrika het Thabiso Moeketsi al drie visiekonferensies bygewoon. Ons was voorheen kollegas saam by Mukhanyo. Hy is ’n toegewyde kind van die Here, Skrifgetrou en vlymskerp. Dit sal wonderlik wees wanneer hy ook kan begin om self opleidings te fasiliteer. Hy is baie opgewonde oor die opleiding en is oortuig dat die visiekonferensies uiters belangrik is vir kerke en die gemeenskappe wat in Afrika bedien word. Indien iemand in die koninkryk wil belê en hom sou wou ondersteun om hierdie baie belangrike koninkryksboodskap oor te dra, kontak my asseblief.

Ek het ook vergaderings met die *Evangelical Presbyterian Church* van Malawi gehad. Hulle het ’n afvaardiging na die opleiding in Mitete gestuur en is baie opgewonde oor samewerking met TOPIA. Die ses maande in 2013 wat ons tot ons beskikking het om buite die grense van Suid-Afrika kerke in Afrika te bedien, is dus reeds vol bespreek.

Christus het opgestaan – in Hom, deur Hom en vir Hom!

Gebede:

- Dank en prys die Here vir wie Hy is.
- Dank God dat ons as gesin veilig bewaar is.
- Bid vir die uitbou van God se koninkryk op alle vlakke van die samelewing in Afrika.
- Bid vir kerke en kerkleiers in Afrika.
- Dank God vir tweedegeslag opleiers en bid God om ons getrou te ag om nog mense te stuur wat sy boodskap kan uitleef en versprei.
- Bid vir wysheid om alle voorbereidings betyds af te handel sodat ons in 2013 met twee kindertjies vir ses maande in Afrika kan werk.

Voetspore van hoop-blog - Indien jy gereeld TOPIA-nuus en -fotos deur middel van die Voetspore van Hoop-blog wil ontvang, kan jy daarvoor inteken. Die maklikste manier om in te teken, is die volgende:

1. Gaan na die TOPIA-**webblad** (www.topia.org.za).
2. Klik op die **blog-**skakel.
3. Tik jou **e-posbesonderhede** in die *Voetspore van Hoop*-blokkie in.
4. Klik op ***subscribe***

Koninkryksbelegging – Indien God jou roep om by TOPIA ’n koninkryksbelegging te maak:

ABSA tjekrekening, TOPIA Tessa Trust, Takkode: 632005, Rekeningnommer: 4074089319

Johannes Aucamp

Mooirivier Kersmark

24 Nov tot 1 Des 2012
09:00 - 20:00
Paryslaan Bailliepark

Kom neem 'n mandjie en stap rustig deur die mark om unieke geskenke te koop

- Geskenkbewyse te koop
- Restaurant met heerlike eetgoed
- Kredietkaartfasiliteite
- Veilige parkering
- KinderPark • Kunskompetisie

Jan de Wet - Saterdag 24 Nov

Vir meer inligting besoek ons webtuiste gerus by:
www.mooirivierkersmark.co.za